**NG GEMEENTE WONDERPARK**

**VOTUM**

"Geseënd is jy onder die vroue

en geseënd is die vrug

van jou moederskoot!

43Waaraan het ek dit te danke

dat die moeder van my Here

na my toe kom?

44Kyk, net toe die geluid van jou groet

in my ore klink,

het die kindjie in my

van vreugde beweeg.

45Gelukkig is sy wat glo

dat in vervulling sal gaan

wat die Here vir haar gesê het!"

Teks. Lukas 2:1-7
Tema. Die geboorte (3) - vyf vreugdevolle kersfees misteries -

*Maria keer terug na Nasaret*

Toe Maria van Elisabet af teruggekom het, het sy nie tromme laat rol of aankondigings gemaak nie. Sy het nie die dorp se aandag gevra nie. Sy kom stil die stowwerige strate van Nasaret binne soos iemand wat 'n geheim dra wat te heilig is vir haastige monde. Soms groei God se grootste wonder stil, klein, onsigbaar soos die hartklop wat niemand hoor nie, maar die hemel laat bewe.

Maria stap met hand op haar maag, ‘n plek waar die ewigheid al begin klop het. Sy kyk na mense se oë, maar sê niks. Nie omdat sy bang is nie, maar omdat sy *bewaar*. God se werk het ruimte, stilte, geduld en ‘n beskermende hart nodig. In haar dra sy nie net ‘n kind nie, sy dra dié lig, voor die lig nog gesien kon word. Sy dra dié woord voor Hy nog ‘n eerste asem sou haal. Sy dra hoop voor sy dit aan enigiemand kon verduidelik.

*Die slaapelose nagte van Josef.*

Die nag het oor Josef se hart geval soos ‘n swaar kombers van vrae. Hy het alleen gesit met ‘n stukkende belofte in sy hand – Maria, sy Maria, rein sag, mooi soos die oggendlig en nou swanger. En hy weet dis nie van hom nie. Sy gedagtes was ‘n storm wat deur die stil strate van Nasaret gewaai het. Hy wou haar nie skaad nie, nie haar naam breek nie, nie haar lewe verpletter deur dorpsgerugte nie. Hy besluit toe in stilte: Ek sal haar wegstuur, mooi, stil, sonder skaamte

Maar toe het die hemel sy oë oopgemaak. In die diepte van die nag, waar menlike logika ophou en God se wonders begin, het ‘n engel in sy droom kom staan- helder, stil, vreesloos. Josef, seun van Dawid, het die stem soos ‘n sagte vuur gestraal,

> “Moenie bang wees vir Maria nie. Wat in haar groei, is nie ‘n fout nie, nie ‘n skande nie, nie ‘n mens se plan nie – dit is God se asem in haar skoot. Dit is die Heilige Gees wat lewe gewek het.”

Toe sien Josef in die droom, soos ‘n flits van ewigheid: ‘n kind – nie ‘n gewone kind nie, maar dié Kind, die Lig vir ‘n donker wêreld, die Vrede vir gebroke harte, die Redder wat sy volk nie net van Rome nie, maar van hulle eie sonde sou bevry.

> “Jy moet Hom Jesus noem” het die engel gefluister, “want Hy sal red”.

En toe Josef wakker word, het die nag anders gevoel- ligter, vol belofte. Hy het geweet, die wêreld is besig om te draai, nie weg van God nie, maar terug na Hom.

So staan hy op, 'n eenvoudige timmerman, maar nou die *draer* van God se droom, *bewaarder* van Maria en *vader* op aarde vir die Seun van die *hemel*.

**1. God kom dikwels in ons moeilikste besluite.**

Josef het nie 'n groot sonde gedoen nie. Hy het net probeer reg doen- en tog het hy teen 'n muur vasgeloop. Dis nie altyd jou foute wat jou knak nie. Soms is dit die vrae waaroor jy nie antwoorde het nie. Maar dis juis daar waar God stil opdaag- in die nagte van onsekerheid.

2. **God sien waar ons nie sien nie**.

Josef sien 'n skandaal, God sien 'n Verlosser; Josef sien 'n moeilike gesprek, God sien 'n nuwe wêreld. Ons sien vandag 'n verhouding wat sukkel, 'n kind wat wegdryf, 'n bankrekening wat nie praat nie, die diagnose wat skrik maak. Maar God sien altydeur verder. Hy sien nie net die nood nie- Hy sien die plan binne-in die nood.

**3. Gehoorsaamheid is soms 'n klein "ja".**

Josef hoef nie 'n wonderwerk te doen nie. Hy hoef nie 'n preek te preek nie. Hy hoef net te doen wat God sê, *"Neem Maria. Noem Hom Jesus"*. Nie groot nie, net eenvoudig. Vandag se geloof begin ook klein: 'n oproep wat jy lank uitstel, 'n vergifnis wat jy bly opbou, 'n stap van integriteit, 'n besluit om nie weg te hardloop nie. God vra nie reuse nie- net dat jy jou hart oophou vir sy stem.

**4. Wanneer jy God se plan volg, beskerm Hy sy belofte.**

Josef word die beskermengel van die Messias. God vertrou 'n timmerman met 'n koning. Vandag sê God dieselfde: "Ek plaas iets van Myself in jou hand – 'n roeping, 'n kind, 'n gesin, 'n talent, 'n droom. As jy My volg, hou Ek jou staande".

**5. God se lig breek altyd deur donker besluittye.**

Josef se donker nag word die wêreld se helder oggend. En selfs vandag, wanneer jou nag lank voel, jou vrae swaar, jou hart moeg, kan God die soort lig bring wat 'n lewe verander.

*Samevattend*

- ✞ Soos Josef word ons ook soms wakker in 'n wêreld wat anders lyk as gister. Maar as God in jou nag fluister, word selfs die moeilikste pad 'n heilige pad.
- ✞ Elke keer wanneer jy sê *"Here, ek verstaan nie. maar ek vertrou"* word jy deel van God se groter storie – 'n storie wat eindig in lig.

**Lukas 2**. Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. Sy het haar Eersteling-seun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

**SEëNGROET (MAGNIFICAT)**

En Maria het gesê:

"Ek besing die grootheid van die Here,

47ek juig oor God, my Verlosser,

48omdat Hy na my

in my geringheid omgesien het.

Kyk, van nou af sal elke

nuwe geslag my gelukkig noem,

49omdat Hy wat magtig is,

groot dinge aan my gedoen het.

Heilig is sy Naam!

50Hy bewys ontferming

van geslag tot geslag

aan dié wat Hom eer.

[51]Kragtige dade het Hy

met sy arm verrig:

hoogmoediges in hulle eiewaan

het Hy uitmekaargejaag;

[52]maghebbers het Hy van trone

afgeruk en geringes verhoog;

[53]behoeftiges het Hy oorlaai

met goeie gawes

en rykes met leë hande weggestuur.

[54]Sy dienaar Israel het Hy

te hulp gekom

deur te dink aan sy beloftes

van ontferming

[55]soos Hy dit toegesê het

aan ons voorvaders,

aan Abraham en sy nageslag

tot in ewigheid.” **AMEN**!